

D.F. MALHERBE-GEDENKLESING

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

H J Bernard Combrink

27 Mei 2014

INLEIDING

Dit is vir my 'n besondere voorreg om hierdie lesing te mag aanbied. As kind het ek reeds onder my moeder se aanmoediging met *Hans die Skipper* kennis gemaak, 'n boek wat my verbeelding aangegryp het. Later is ek met meer respek vervul toe ek onder die indruk gekom het van Malherbe se rol as taaladviseur dwarsdeur die hele proses van die Afrikaanse Bybelvertaling van 1933, waarvoor hy ook 'n erepenning van die S A Akademie ontvang het, sy rol in die Gesangekommissie (1937-40) en die skepper van onder meer die geliefde *Aandgesang* (tans Lied 563). Waar ek ook eens deel van 'n jonger garde was wat destyds nogal krities was oor aspekte van 'n vorige Bybelvertaling, is Malherbe se woorde 'n wyse oproep om die werk van voorgangers, ook ten opsigte van Bybelvertaling, na waarde te skat:

Sommige jongeres vergeet dat hulle op die skouers van werkers staan, wat in die moddergragte van verguising diensbaar was om die fundamente van 'n kultuurtaal te besorg, en spreek kleinerend en skouerophalend van die eerste pogings of bewys gebrek aan gesonde insig wanneer hulle die versies en verhale van die Patriot-tydperk beoordeel volgens estetiese norme.¹

Daar is verder interessante raakpunte tussen aspekte van die huidige direkte vertaling en bepaalde uitsprake van Malherbe. Wanneer hy byvoorbeeld die beswaar opper dat die vertalers krampagtig aan die oorteks vasklem, is dit in wese 'n kritiek op 'n te letterlike of woord-vir-woord vertaling, wat 'n direkte vertaling nie wil wees nie. Maar wanneer hy daarop wys dat: "In die Bybel verwag die gevoelige leser in die eerste plaas 'n plegtige en verhewe toon, in ooreenstemming met die hoë aard van die onderwerp",² verwoord hy wat tans in 'n direkte vertaling bekend is as die "lojaliteit aan die opdraggewer/leser", wat benewens die "lojaliteit aan die bronteks", ook van uiterste belang is.

'N ANDER KONTEKS³

1933/53-vertaling

Dit is van belang om die konteks waarbinne 'n vertaling ontstaan te verreken. Die gesprekke oor Bybelvertaling wat so 'n onvergeetlike indruk op Malherbe as elfjarige in die Paarlse drukkerij gemaak het, belig die geheel ander konteks van die *1933/53-vertaling* as dié van die huidige projek. Die eerste Afrikaanse Bybelvertaling hang ten nouste saam met die Eerste Taalbeweging en die stryd

¹ Kok, B, F V Lategan, & R. de Beer 1981. *D F Malherbe in beeld en woord: 28 MEI 1881 — 12 APRIL 1969*, 92. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.

² Nienaber, P J 1936. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling en 'n hoofstuk oor die vertaling van die Psalm- en Gesangboek en die formuliere*, 163. Kaapstad: Nasionale Pers.

³ Naudé, J A 2005. The Afrikaans Bible Translations and the Formation of Cultural, Political and Religious Identities in South Africa. In *Translation Yearbook of the International Association for Translation & Intercultural Studies*, red J House, R M Ruano, & N Baumgarten, 167–179. Seoul: IATIS.

om Afrikaans en om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Voor die kerke eindelijk so ver gekom het om deur Sinodes die Bybelgenootskap te vra dat die Bybel wel vertaal moet word, was dit individue soos A Pannevis, C P Hoogenhout en S J du Toit wat die saak onvermoeid bepleit en self met vertalings begin het.

Hoewel daar aanvanklik gepoog is om uit die *Statevertaling* te vertaal, is heel gou besluit dat daar uit die brontekste vertaal moet word. In die lig van die destydse weerstand teen die beoogde Afrikaanse vertaling is daar van die vertalers verwag om nie te veel van die *Statevertaling* af te wyk nie. Dit het meegebring dat hoewel die vertalers toe reeds bewus daarvan was dat veral die bronteks van die Nuwe Testament (wat aan die *Statevertaling* ten grondslag gelê het) nie die beste beskikbare bronteks was nie, besluit is om nie daarvan af te wyk ten einde nie verdere vervreemding van die *Statevertaling* te veroorsaak nie. Tog het van die vertalers en ander kundiges nie hiermee saamgestem nie, en is dit by nabaat 'n vraag of dit wel 'n wyse besluit was.

1983-vertaling

Waar alle vertalings tot in die helfte van die 20ste eeu baie letterlike woord-vir-woord vertalings was, lei die bekende Eugene Nida in 1967 (by Turfloop) en in 1968 (by die Universiteit van Pretoria) die besinning oor 'n ander vertaalbenadering, naamlik 'n dinamies-ekwivalente vertaling waarin die aksent baie sterk op die weergawe van die betekenis van die bronteks val. Dit is dus 'n ander vertaalbenadering as in 1933.

Soos met die *1933/53-vertaling*, was die vertalers wat deur die Bybelgenootskap gevra is om die taak aan te pak, manlike teoloë uit die geledere van die drie sogenaamde susterkerke wat die vertaling aangevra het.

Vir die *1983-vertaling* is wel van die beste beskikbare brontekste gebruik gemaak.

Die Bybel vir Dowes / Die Bybel vir Almal

In 1997 begin die Bybelgenootskap met die werk aan die *Bybel vir Dowes*, op versoek van die *Kerklike Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans* (KABA). Ná die verskyning van die *1983-vertaling* het die Bybelgenootskap toenemend deur die jare moeite gedoen om steeds meer kerke, wat die Bybel in Afrikaans in die ereidiens en persoonlike omgang met die Woord gebruik, by KABA te betrek. Ook vir hierdie vertaling is van die beste beskikbare brontekste gebruik gemaak. Die vertaalbenadering sluit in hierdie geval egter direk aan by die heel spesifieke behoeftes van persone wat doof gebore is of wat Gebaretaal gebruik. Dat hierdie vertaling later ook as *Die Bybel vir Almal* beskikbaar gestel is, is die gevolg van 'n ongekende belangstelling en 'n algemene aanvraag hiervoor deur die publiek.

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

Hoewel die dinamiese of betekenisgeoriënteerde vertalings, soos die *1983-vertaling* en ander kommersiële vlotlees-vertalings wat in daardie tyd verskyn het, 'n belangrike funksie vir Bybellesers vervul het, groei daar 'n merkbare behoefte by kerke aan 'n teks wat nader aan die struktuur van die bronteks bly. Hiermee saam was daar die behoefte dat so 'n vertaling wel vanuit die beste beskikbare brontekste gedoen word. Reeds in 1997 dien 'n versoek vir 'n sogenaamde "konkordante", nuwe vertaling by KABA, maar sonder positiewe reaksie. Eindelijk lei die herhaalde

aandrag daartoe dat die Bybelgenootskap 'n internasionale konferensie in 2001⁴ belê om vas te stel wat die beste pad vorentoe met 'n nuwe vertaling sou wees. Hierop volg marknavorsing deur die Bybelgenootskap, asook navorsing by vier Universiteite oor die aard van verskillende moontlike vertalings.⁵ Hieroor word meer hieronder gesê.

Inklusiwiteit van die projek

Waar die versoek om die 1933/53-vertaling en die 1983-vertaling van die drie sogenaamde susterkerke afkomstig was, is sowel die *Bybel vir Dowes*, as *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* aangevra deur KABA wat tans uit 25 kerke en denominasies bestaan. Daar word ook jaarliks deur die Bybelgenootskap aan hierdie vergadering verslag gedoen. Die lede van die KABA is gevra om benewens vertalers ook kerklike lesers te benoem van wie daar 64 is wat in Fase3 die geleentheid kry om kommentaar op die teks te lewer. Die betrokkenheid van ongeveer 20 verskillende denominasies in verskillende rolle en fases van die projek is 'n unieke aspek in die geskiedenis van Bybelvertalings deur die Bybelgenootskap.⁶

Waar die vertaling in die verlede slegs deur mans gedoen is, is in hierdie projek 37 vroue in verskillende rolle en fases betrokke.

Alle eksegete is nie ewe vaardig in Afrikaans nie. Daar is van die begin af die nouste samewerking tussen eksegete en intravertaler sodat die vertaling reeds in Fase 1 nie die werk van slegs eksegete en brontaalkenners is nie. Daar is ook aanvaar dat ander taalkundiges en letterkundiges se insette reeds vroeg in die proses verkry moet word. Terwyl daar by die 1933/53- en 1983-vertaling wel Afrikaanse taalkundiges en letterkundiges as adviseurs opgetree het (soos D F Malherbe), is daar 59 Afrikaanse taalkundiges, letterkundiges (insluitende opgeleide vertalers, kreatiewe skrywers/digters) van die begin van die proses af in al die spanne betrokke.

Alle eksegete is ook nie ewe vaardig in die brontale nie. Daarom is die betrokkenheid van brontaalkenners van die begin af ingebou. Daar is uiteraard brontaalkenners wat ook as eksegete kan optree en eweseer eksegete wat as brontaalkenners kan optree. Daar is landswyd egter minder brontaalkenners beskikbaar as eksegete. Terwyl eksegete meestal slegs by een boek betrokke is as Eksegete 1, is brontaalkenners dikwels by meer as een boek betrokke. Daar is dus in elke boekspan benewens die eksegete (teoloog) ook 'n dosent in een van die brontale as brontaalkenner aangewys; 'n totaal van 83 persone. In Suid-Afrika is ons geseën met 'n ryke tradisie van die bestudering van die grondtale en die wêreld van die Bybel en die ideaal was om soveel van hierdie kundigheid moontlik in al die spanne te benut. Daar is ook gepoog om waar moontlik die jonger geslag kundiges te betrek – iets wat nie altyd so suksesvol was nie vanweë die druk van onder andere proefskrifte wat voltooi moet word.

⁴ Naudé, J A & C H J Van der Merwe 2002. *Contemporary Translation Studies and Bible Translation: A South African Perspective* (Acta Theologica Supplementum 2). Bloemfontein: University of Free State.

⁵ Van der Merwe, C H J 2001. Is dit tyd vir 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans? (Fensham Gedenklesing). SEBIVA: Universiteit van Stellenbosch.

⁶ Van der Merwe, C H J 2012. The Bible in Afrikaans: A Direct Translation – a New Type of Church Bible, *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 68(1), Art. #1204, 8 pages. [http:// dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1204](http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1204)

In totaal was daar dus 142 medewerkers betrokke van wie sewe reeds oorlede is. Daarbenewens is veral in die beplanningsfase verskeie ander Afrikaanse taalkundiges, letterkundiges asook vertaalkundiges om advies genader.

Vir elke Bybelboek is daar 'n afsonderlike vertaalspan wat bestaan uit 'n brontaalkenner, 2 eksegete, 'n intravertaler, asook 'n Afrikaanse taalkundige en letterkundige.

Daar moet onderskei word tussen *vertaling* deur eksegete, *intravertaling* deur die intravertalers en *hersiening* deur brontaalkenners, ander eksegete, taalkundiges en letterkundiges.

'N ANDER BENADERING EN DIE VERTAALOPDRAG

Ontwikkeling in die vertaalkunde en navorsing wat gedoen is met die oog op die behoefte wat deur die kerke uitgespreek is, het onder andere aangetoon dat verskillende oorwegings geld wanneer vertalings met die oog op verskillende funksies aangepak word. So geld ander maatstawwe wanneer 'n gesaghebbende kontrak of grondwet vertaal word (dokumentêre vertaling), as by die vertaling van 'n advertensie (instrumentele vertaling). Wanneer die Bybel as gesaghebbende Woord van God vir kerke vertaal word, moet verder rekening gehou word met bestaande vertaaltradisies en die sensitiwiteit van die kerke. Daar is dus sprake van 'n dubbele lojaliteit — enersyds aan die bronteks, maar andersyds ook aan die opdraggewer, die kerke. Hoe aan hierdie dubbele lojaliteit uitdrukking gegee moet word, moet onderhandel word en duidelik in terme van 'n vertaalopdrag geformuleer word. Dit is 'n vernuwende insig aangesien daar in die verlede nie so eksplisiet met kerke se behoeftes rekening gehou is nie.⁷

Hierdie navorsing vind ook neerslag in 'n werkswinkel van KABA (Maart 2004) waar die vertaalopdrag (ná oorleg met die kerke) gefinaliseer is. Hierdie proses was nogal 'n uitdaging omdat die kerke na aan die bronteks wou bly, maar daar aan die ander kant nie na 'n woord-vir-woord vertaling teruggegaan kon word nie. Die vertaalopdrag is uiteindelik soos volg geformuleer:

Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

Hierdie opdrag is verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees.

'N DIREKTE VERTALING

Die teoretiese 'handvat' om aan hierdie vertaalopdrag uitdrukking te gee, is verkry deur 'n konsep te gebruik wat deur die vertaalkundige Ernst-August Gutt⁸ voorgestel is, te wete "direkte vertaling". Die konsep word ongelukkig baie maklik verstaan as 'n sinoniem vir woord-vir-woord of letterlike vertaling. Die terme 'direkte' en 'indirekte vertaling' is egter tegniese terme wat geëk is na aanleiding van die onderskeid tussen direkte en indirekte rede.

⁷ Chemorion, D C 2009. Towards a Participatory Approach to Bible Translation. *Acta Theologica Supplementum* 12, 157-171.

⁸ Gut, E A 2000. *Translation and relevance: Cognition and context*. Manchester: Jerome Publishers.

As my vrou my ná 'n ereidiens sou vra wat het die dominee presies gesê oor tema x, en ek 'n fotografeë geheue sou hê, sou ek kon antwoord: Hy sê **dubbelpunt** "abc". ABC sou dan sy presiese woorde moes wees — as ek hom inderdaad direk aangehaal het. As my 7-jarige kind my dieselfde vraag sou vra, sou ek heelwaarskynlik antwoord: Die dominee sê **dat** xyz. In XYZ sou ek dan my weergawe aangepas het om my kind se konseptuele wêreld te akkommodeer.

Op dieselfde manier as die antwoord aan my vrou, probeer 'n '**direkte vertaling**' van Rut die Hebreeuse teks so te vertaal asof sy direk aangehaal word — en goeie Afrikaans praat in haar eie tyd en wêreld. Geen poging word in die vertaalde teks self gemaak om die vertaling aan te pas by moderne lesers se konseptuele wêreld nie. Moderne lesers se wêreld word eerder in voetnotas verbreed om seker te maak dat hulle vreemde konsepte, metafore en beelde, mate en gewigte verstaan. In kontras met 'n direkte vertaling, poog **indirekte vertalings** om die konseptuele wêreld van moderne lesers in die teks self te akkommodeer — soos byvoorbeeld die *Good News Bible* en die *1983-vertaling*.

DIE PROSES

Die begin

Op 25 Oktober 2004 besluit KABA in die lig van die verslag van die werkswinkel in Maart om die Bybelgenootskap te vra om met so 'n vertaling voort te gaan. Daarop word 'n *Loodskomitee* aangewys. Die lede van die *Loodskomitee* en ander kollegas word gevra om stukke voor te berei wat gesamentlik deel kan vorm van 'n *Werkboek* bestaande uit die afsprake waaroor daar met mekaar ooreengekom word en wat as riglyne kan dien vir die vertaling.

Die versoek van KABA om 'n volgende Afrikaanse Bybelvertaling word deur die *Nasionale Raad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika* op 17 Februarie 2005 goedgekeur waarna die Bybelgenootskap die kerke om amptelike bevestiging van en ondersteuning van die projek vra. Hiermee saam nooi die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap kerke uit om nominasies vir die verskillende kategorieë medewerkers teen einde Maart 2005 voor te lê. Die kerke nomineer meestal eksegete en brontaalkenners en enkele doeltaalkenners. Later word kerke spesifiek gevra om ook kerklike lesers te benoem.

'n Uitnodiging deur die Bybelgenootskap tot medewerking aan *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* (BDV) word hierna deur die vakverenigings van taalpraktisyns/vertalers, taalkundiges en letterkundiges landwyd versprei. Aan almal wat hierop reageer, word die geleentheid gebied om een of twee teksgedeeltes in ooreenstemming met die vertaalopdrag as 'intravertaler' te 'herskryf' en vir beoordeling voor te lê. In die lig van die aanbevelings van die paneel van letterkundige beoordelaars, word van hierdie persone as intravertalers na die opleidingseminare genooi.

Opleidingseminare 2006 en 2007

Die Bybelgenootskap nooi intussen die benoemde eksegete en brontaalkundiges (Grieks, Hebreeus/Aramees), taalpraktisyns en taal- en letterkundiges uit tot deelname aan die projek. Hierdie medewerkers en die intravertalers word daarna genooi na twee opleidingseminare wat van 27 Februarie - 1 Maart 2006 by die Universiteit van Pretoria en van 3 - 5 April by die Universiteit van Stellenbosch plaasvind. Tydens hierdie seminare word medewerkers aan die hand van die *Werkboek* volledig ingelig oor alle aspekte van die proses. Die heel belangrikste saak wat oorgedra word, is die

Vertaalopdrag, dit wil sê die uitgangspunte wat die aard van die vertaling nader bepaal. Hiermee hang saam die verloop en die verskillende fases van die proses. Tydens die seminare word opleiding in die gebruik van die rekenaarprogram *Paratext* aangebied. Die seminare word gelei deur die *Departement Vertaling* van die Bybelgenootskap wat verder van die dienste van kundiges gebruik maak. Die *Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika* (SEBIVA), lede van die *Loodskomitee* en die KABA asook ander vakkundiges en navorsingsentra word betrek met die oog op spesifieke probleme. Die *Loodskomitee* funksioneer tot en met die eerste opleidingseminaar, waarna die *Begeleidingskomitee* as beleidskomitee die proses verder begelei.

Intussen is dr Jaap van Dorp van die Nederlandse Bijbelgenootskap (wat ook betrokke was by die Nieuwe Bijbelvertaling) deur die Bybelgenootskap genooi om kritiese insette te lewer. Ná sy besoek in Maart 2007 bring die Begeleidingskomitee belangrike wysigings (ook in Mei 2010) aan die proses en fases aan.

FASES IN DIE PROSES

Fase 1: Vertaling, brontaalkundige kontrole en intravertaling

'n Eksegeet stel die vertaalstrategie op vir die intravertaler.

Die eksegeet lewer daarna 'n basisvertaling (met die nodige voetnote) wat bedoel is as 'n 'brondokument' vir die doeltaalkenner (intravertaler) wat die inhoud van die bronteks moet herskryf/intravertaal in Afrikaans. Saam hiermee lewer Eksegeet 1 ook die toeligtingsdokument (aanvullende aantekeninge). Beide dokumente word aan die brontaalkenner vir interne hersiening gelewer.

Die eksegeet verwerk die brontaalkenner se kommentaar as die konsensus van eksegeet en brontaalkenner en stuur dit aan die intravertaler. Die intravertaler beskik nie oor teologiese agtergrond nie. Op grond van die basisvertaling en toeligting lewer die intravertaler in ooreenstemming met die vertaalopdrag 'n bronteksgeoriënteerde vertaling in helder en vloeiende Afrikaans.

Die vertaalspan finaliseer die vertaling.

Fase 2: Verdere interne hersiening

Taalkundige en literêre hersiening

'n Ander taalkundige, asook 'n ander letterkundige, kontroleer die Afrikaanse teks taalkundig en literêr om na te gaan of wat in die bronteks staan in "stilisties goed versorgde en verstaanbare Afrikaans" weergegee is. Die eksegeet verwerk hulle kommentaar en waak steeds oor getrouheid aan die bronteks.

Redaksionele Komitees

Hierna word die teks aan die onderskeie Redaksionele Komitees voorgelê: Redaksionele Komitee Ou Testament (RKOT), Redaksionele Komitee Nuwe Testament (RKNT) en die Redaksionele Komitee Deuterokanonieke boeke (RKDK).

Die Redaksionele Komitees bestaan gewoonlik uit minstens agt lede: 'n brontaalkenner, twee eksegete, twee (soms drie) letterkundiges, 'n taalkundige (Afrikaans), 'n vertaalkundige/taalpraktisyn en die Projekleier. Sessies vind vyf dae lank plaas, gewoonlik van Vrydag tot Dinsdag in 'n konferensiesentrum te Kempton Park.

Fase 3: Eksterne hersiening deur kerklike en ander lesers

Hierdie eksterne lesers is lesers wat die kerke benoem. Verder kan enigeen wat die teks op die webblad lees, kommentaar lewer. Hulle verteenwoordig die toekomstige lesers van die vertaling.

Die Redaksionele Komitees verwerk lesers se kommentaar.

Fase 4: Kontrole vir konsekwentheid

Die betrokkenheid van verskillende medewerkers in Fases 1 en 2 bied die moontlikheid om aan 'n groot aantal medewerkers die geleentheid tot medewerking te gee. Hoe meer eksegete, intravertalers en ander medewerkers betrokke is, hoe groter is die uitdaging egter om deurgaans konsekwentheid in die vertaling te verseker. Dieselfde probleem word selfs in 'n mate tussen die verskillende Redaksionele Komitees ondervind. Hoewel sommige van die doeltaalde op meer as een RK dien, word daar tog soms uiteenlopende besluite geneem.

Dit gaan onder meer oor konsekwentheid in Afrikaanse segswyse, maar ook van terminologie binne bepaalde versamelings (soos Paulus se briewe, die Pentateug, profetiese formules), maar ook oor die konsekwente nakom van afsprake wat oor die Bybel as geheel gemaak is. Hier moet veral daarop gelet word dat afsprake oor die struktuur van die bronteks, die weergawe van metafore ensovoorts, in die doeltaal nagekom is. Ander aspekte is meer formeel van aard, soos die hantering van poëtiese gedeeltes, aanhalings uit die Ou Testament in die Nuwe Testament, teksverwysings, voetnote ensovoorts.

Fase 5: Begeleidingskomitee finaliseer teks

Die Bybelgenootskap kontroleer die vertaling elektronies vir konsekwentheid.

Die Begeleidingskomitee is deur die Bybelgenootskap aangewys.⁹ Die Begeleidingskomitee begelei die hele proses deurlopend en maak beslissings indien daar in vroeëre fases probleme opduik waaroor die betrokkenes mekaar nie onderling kan vind nie. Die Begeleidingskomitee finaliseer die vertaling en lê dit voor aan die Bybelgenootskap.

OPMERKINGS OOR LETTERKUNDIGE ASPEKTE VAN DIE BDV¹⁰

1. Vir die oorspronklike *King James-vertaling*, was die vereistes van die koning: "no contentious remarks in the margins; no language inaccessible to common people; a true and accurate text, driven by an unforgivingly exacting level of scholarship." Die BDV probeer beantwoord aan al dié vereistes, behalwe dat die opdrag verder gaan en ook "goeie styl en letterkunde" insluit en veel meer voetnote.

⁹ . Dit is 'n dinamiese komitee wat deur die Bybelgenootskap van tyd tot tyd gewysig kan word in die lig van behoeftes soos dit algaande na vore kom. Dit bestaan tans uit 4 Ou Testamentici, 3 Nuwe Testamentici, 1 letterkundige, 1 Afrikaanse taalkundige, 1 vertaalkundige, die projekleier, die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap en die Hoof van Vertaling.

¹⁰ Met erkenning aan prof Henning Snyman.

2. Die eis vir "duidelikheid" bring mee dat die keuse van styl en stylwendinge hoë eie stel aan die vertalers en die letterkundiges. Tog is dit nie 'n onmoontlike verwagting nie, want dit verplig die medewerkers om styl te handhaaf "as 'n uitdrukking van eenvoud, maar met behoud van elegante sintaksis en die absoluut korrekte woordkeuse vir die geleentheid." Streng gesproke is 'eenvoud' die basis vir goeie styl. Om hierdie rede word sekere eietydse modewoorde soos 'imposante', 'marginaliseer', 'fabuleus', 'essensieel' en vele ander vermy; om nie te praat van 'cool', 'awesome' en 'terrific' nie!

3. Dit beteken nie dat die BDV in 'n vorm van kindertaal vertaal en geskryf word nie. Alle goeie, egte en verstaanbare Afrikaanse woorde word benut. Die Afrikaanse leksikon is groter as wat 'n mens soms besef. Hierdie hele leksikon is beskikbaar vir die BDV. Die styl en taal van die BDV moet immers ook 'n monument vir Afrikaans as taal' wees. Die skoonheid van die taal, die merkwaardige seggingswyse en die soepelheid van 'n jong taal moet ook volkome weergegee word in die geheel van die vertaling. Ook wat die taal betref, moet die BDV 'n opgaaf wees van die leksikale skatte van Afrikaans.

4. Wat 'n konstante uitdaging bly, is om die balans te handhaaf wanneer daar situasies ontstaan waar te duidelike taal die letterkundige vloei van die teks benadeel. As daar 'n onvermydelike keuse moet wees, en dit gebeur nie te dikwels nie, geniet duidelikheid voorkeur bo ritmiese en elegante styl.

5. Die styl word ook mede-bepaal deur die eise van die ritme, veral leesritme. Om dié rede word leestekens soms ingevoeg waar hulle nie streng gesproke grammatikaal noodsaaklik is nie. Leestekens word inderdaad in hierdie vertaling ruim gebruik om 'n bepaalde funksie te vervul en leesritme word as so 'n funksie gesien.

6. 'n Uiteers belangrike literêre vereiste is dat die mistiek van taal en gegewe nie nagelaat mag word nie. Groot dele van die Bybel is immers mistieke taal en soos NP van Wyk Louw op 'n keer opgemerk het kan die verbinding van woorde in 'n sin 'n mistieke simbiose aangaan wat 'n wyer en mistieke wêreld oproep. Vanselfsprekend waak die letterkundiges by die BDV-projek oor die behoud van die figuurlike taal wat so 'n groot deel van die Bybelse tekste uitmaak. Die Bybel is vol metafore, simbole, hiperbole en ironie en hierdie stylverskynsels word noukeurig behou.

7. Die BDV neem duidelik kennis van die verskillende genres wat in die Bybel voorkom. Daar is talle poëtiese gedeeltes, gewone narratiewe dele, liriese prosa soos Job, kortverhale soos Ester en Rut, of novelles soos die verhaal van Josef. Daar is die profetiese boeke, historiese geskrifte en die briefvorm - almal uiteenlopende genres waarvan die BDV-medewerkers deeglik bewus is.

DIE NUWE TESTAMENT EN PSALMS: 'N DIREKTE VERTALING

Hierdie uitgawe is by drie geleenthede bekend gestel — op 12 Maart 2014 in die *Groote Kerk*, Kaapstad, 9 April 2014 in die *AGS Kaleideo Gemeente* in Kempton Park en op 12 Mei 2014 in Windhoek.

Hierdie publikasie is dus min of meer halfpad in die proses. Hierna kan kerklike lesers en die publiek steeds kommentaar lewer wat weer deur die drie Redaksionele Komitees verwerk moet word.

SLOT

Die maak van 'n direkte vertaling was en bly sonder twyfel 'n groot uitdaging — dit is nie altyd maklik om die regte goeie Afrikaanse uitdrukking vir 'n Grieks of Hebreeuse idioom of gelade term te vind nie; of om te bepaal hoeveel voetnote waar bygevoeg moet word nie. Dit is 'n voortdurende oefening om op twee stoele tegelyk te probeer sit. Verder is die betekenis van die bronteks soms duister en kom bepaalde woorde, veral in poëtiese gedeeltes in die Ou Testament, slegs enkele kere in die hele korpus voor sodat die betekenis daarvan moeilik te bepaal is. Tog is ons in Suid-Afrika geseën met 'n ryke tradisie van die bestudering van die grondtale en die wêreld van die Bybel en dien op ons spanne van meet af aan mense wat die Afrikaanse taal- en letterkunde goed ken. Die Bybelgenootskap sou met vrymoedigheid kon sê dat hierdie direkte vertaling 'n eerlike en goed ingeligte poging is om al die kommunikasieleidrade van die Grieks en Hebreeuse brontekste in goeie Afrikaans weer te gee.